Oordenking
13 Januarie 2010.

Wat verwag die Here van ons?

Dit is nie ‘n nuwe vraag nie. Almal wat aan die Here toegewy is en Hom die eerste prioriteit maak, vra hierdie vraag. Die profeet Miga, in die Ou Testament, haal die mense van sy tyd soos volg aan: :
(Miga:6-7) Wat sal ek saamvat as ek na die Here toe gaan, as ek voor die hoë God gaan kniel? Moet ek met offers na Hom toe gaan, met jaaroud kalwers? Sal die Here duisende ramme aanvaar saam met tien duisende offers van olie?

Israel en Juda het gedink hulle weet wat die Here verwag. Hulle het gedink dit is godsdienstigheid en offers. In vandag se taal kan ons sê dat hulle gedink het dat om kerk toe te gaan, genoeg is. En ja, die Here wil aanbid en geloof word. Hy is lief vir die gawes en offers wat sy kinders vir Hom gee. Maar God verwag meer as ‘n Sondag-reaksie op sy genade. Miga leer ons dat God se verwagtinge die hele week insluit en nie net wat in die kerk gebeur nie.
(Miga 6:8) Mens, die Here het jou bekend gemaak wat goed is: Hy vra van jou dat jy (1) reg sal laat geskied, (2) dat jy liefde en trou sal bewys, dat jy (3) bedagsaam sal lewe voor jou God.

God verwag dat ons reg sal laat geskied. Dit sluit eerstens ons verantwoordelikheid in vir die swakste, mees kwesbare lede van die samelewing: die wat ongebore is, die babas, kinders, wese, oumense, mense wat leef met gestremdheid en armoede, en ander.

God verwag van sy mense om soos Hy op te tree. Die Bybel verwys herhaaldelik na God se besorgdheid oor die swakkes en hulpeloses. In Deut 10:18, byvoorbeeld, word gesê dat God die saak van weeskinders en weduwees verdedig en vir hulle kos en klere gee. Die Evangelies gee ons ’n prentjie van Jesus se bediening waar Hy baie jammer was vir die skares wat na Hom kom luister het, waar Hy kindertjies na Hom to laat kom het, siekes gesond gemaak het, melaatses genees het, prostitute rehabiliteer het en vergifnis en vryheid aan gevangenes beloof het. Jesus het kwaad geword oor enige vorm van onreg en het alle mense dieselfde behandel.

Maar volgens Miga verwag God ook van ons om liefde en trou te bewys. Dis makliker om te sê, dat die Here verwag dat ons lief moet wees daarvoor om goed te doen. Ons moet verlang daarna, selfs honger weer daarvoor, om mense te help wat ons nodig het.

Laastens sê Hy die Here verwag van ons om bedagsaam voor ons God te lewe. Dis die belangrikste, want iemand wat nie bedagsaam voor God is nie, sal nie omgee oor onreg nie en sal nie lief wees daarvoor om goed te doen nie.

Om bedagsaam voor God te wees, beteken om vir God te lewe – om altyd aan God te dink, waarmee ons ook al besig is. Dit beteken om die beheer van jou lewe aan Jesus oor te gee, want Hy het sy lewe vir jou gegee. Dit beteken om Geesvervuld, in die krag van Christus te lewe. Dit beteken om tyd met God te spandeer in gebed, om meer oor die Skrif te leer en om Jesus elke te volg, in wat die Bybel ’n lewe van dissipelskap noem.

Om vir Jesus te lewe, beteken om altyd aan God te dink en teenoor God bedagsaam te wees.
Elke dag, oral en onder alle omstandighede!